Teks vooraf:

Maar daar kom ’n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid.
(Johannes 4:23 AFR1953)

Sing vooraf: Psalm 73:3, 4 (p. 367)

3 Net soos ’n snoer van edelsteen / swaai trotsheid om hul nekke heen;
en hul geweld en gruweldade / bedek hul lyf soos praalgewade.
Hul oë puil van vet na voor, / inbeeldings van hul hart loop oor.
Hul spot, verdruk, en in hul oog / is nét hulself, geen ander hoog.

4 Hul spot, en van hul spotterny / raak ook die hemel self nie vry,
terwyl hul tong op aarde wandel / en grootspraak voeg by bose handel.
Daarom draai sondaars na hul heen, / met hul in misdaad lotgemeen,
en roem: Sou óns die Heer moet vrees? / Sou daar by Hom dan kennis wees?

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1, 19 (p. 71)

1 Ek het U hart’lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER ’s my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

19 Hul was gehoorsaam as hul oor / net van my roem en dade hoor.
Hul het al kruipende gekom; / uit vestings skuif hul kragt’loos, krom.
Die Here leef! Lof aan my Rots! / Die Heer, my heil, sy groot gemaak!
Hy gee my op my vyand wraak / en breek die volke in hul trots.

Geloofsbelydenis: Nicea

Ons antwoord op die Wet van die Here met Psalm 1:1 (p. 1)

Wet

Psalm 1:1 (p. 1)

1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt’nis bring.

Gebed

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

Psalm 31:14 (p. 147)

14 Beskaam, verskrik die goddelose, / laat hul in skande kom. / Laat in die dood verstom
die valse lippe van die bose, / hul wat my heilsverwagting / bespot het met veragting.

Skriflesing: Galasiërs 6

Teks: Galasiërs 6:7

Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. (Galasiërs 6:7 AFR1953)

Een van die groot dwalinge van die mens is hoogmoed – dis om te doen wat jy wil en daarmee elke keer jou sondes te regverdig.

- Dis dié onder ons wat God se reëls doodgewoon vervang met hulle eie reëls en wette.
- Teenoor so ’n lewenshouding vra God van ons gehoorsaamheid uit liefde vir Hom en ’n opofferingsgesindheid.

’n Hoogmoedige mens het nie ander lief nie.

- Hy het nie die lus om vir ander op te offer nie.
- Die drang om ’n verlorene te red ontbreek by so iemand.

Hierdie gees van hoogmoed en afkeer teenoor iemand wat ’n misdaad pleeg, vind ons nie by die Here nie.

- Die Here stuur juis sy Gees om ons so te lei dat die begeerlikheid van die vlees by ons verhinder word.
- Met ander woorde, dat ons nie sonde doen nie.

Daarby vermaan Hy ons ook nog in liefde deur sy Woord dat ons nie kwaad in ons lewe moet toelaat nie (nie daarin moet wandel nie).

- Hy vermaan ons dat ons liefde teenoor ons naaste moet bewys.

Nou gebeur dit tog dat die gelowige struikel.

- Dit maak nou nie saak of dit ’n klein of ’n groot misdryf is in ons oë nie.
- Sonde is by die Here sonde – alles wat nie heeltemal reg is nie, is verkeerd.

Daarom is daar hierdie geweldige ernstige vermaning aan ons waarin die Here leer hoe ons ons moet gedra teenoor iemand wat ’n misstap begaan.

- Indien *iemand* deur ’n misdaad oorval word . . . skryf die Here.
- Iemand is enige mens.
- Die Here kwalifiseer die betrokke mens nie verder nie, sodat ons juis moet verstaan dat dit nou hier gaan oor enige mens wat ’n fout maak.

Ons moet met ’n fyn onderskeiding luister na wat die Here hier sê. Dit gaan nou nie sommer oor enige roekelose sondaar nie!

- Hierdie teksvers het nie betrekking op ’n mens wat God aanhou tart en volhard in sondes en ongeloof nie.
- Dit gaan oor ’n gelowige wat nie kragtens gewoonte oortree nie.
- Dit gaan oor die gelowige wat as ’t ware oorval word – ons kan sê: onverhoeds betrap word deur ’n sonde.

Ons moet dit saam lees met hoofstuk 5:15 vv. Dis kerkmense vir wie die Here hier skryf:

Maar as julle mekaar byt en opeet, pas op dat julle nie die een deur die ander verteer word nie. (Galasiërs 5:15 AFR1953)

En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan

ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.
(Galasiërs 5:19-21 AFR1953)

So een, sê die Here, moet nie deur ons wat geestelik is, links laat lê word nie.

- Hy het nie die reg om deur ons verstoot te word nie.
- Ons moet ook met die gees van sagmoedigheid met hom werk.

Terselfdertyd moet ons op onsself let, dat ons nie ook versoek word nie.

- Die versoeking is juis dat jy te veel van jouself kan dink wanneer jy teenoor iemand staan wat geval het.
- Dat jy dan dalk te hard wil werk met so een – hom dalk wil verwyt omdat hy so swak was – en daarmee val jyself om omdat jy jouself oorskat.

  Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie; want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie. Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie. (Galasiërs 5:16-18 AFR1953)

  Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.
  (Galasiërs 5:22 AFR1953)

Ons moet teenoor sulkes optree dat dit duidelik is dat ons optree in die krag van God die Heilige Gees.

Die uitlewing van ons Christelike geloof stel egter nog ’n groter eis aan ons.

- Ons moet nie net geduld hê teenoor ’n gevallene nie.
- Ons moet ook mekaar se laste dra – met ander woorde, ons moet aandag gee aan die dinge wat swaar op ons naaste se gemoed lê.
- Dit is dalk juis die dinge wat sy lewe verswaar en verdruk en bemoeilik, wat kan maak dat hy dalk in sonde val.

Dit is tog baie makliker om iemand te help in sy nood as wat dit is om hom deur die sonde te laat wegvoer. So vervul ons inderwaarheid die wet van die Here Jesus Christus – soos die Bybel hier sê.

Die wet van die Here Jesus Christus is dat Hy Homself tot in die dood opgeoffer het om daardeur die sondaars in die lewe te bewaar.

Ons lees dit op baie plekke in die Bybel. Een so ’n plek is byvoorbeeld Galasiërs 1:4:

(die Here Jesus Christus) wat Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld, volgens die wil van onse God en Vader, (Galasiërs 1:4 AFR1953)

Dit onderstreep die feit dat daar by ons so ’n groot liefde vir ons naaste in ons hart moet lewe dat ons ’n lus moet hê om vir hom op te offer.

- Onbeperk, want opoffering veronderstel juis dat ons nie voorbehoude het wanneer ons ons naaste help nie.
- Saam met hierdie goeie gesindheid moet daar ook die voortdurende besef van ons eie swakheid wees.
    - Ons moet juis in ’n oomblik van hulpvaardigheid besef dat ons ook maar net deur die genade van God daartoe in staat is.

- Want wanneer jy die sterker een is wat aan ’n ander hulp verleen, kan jy maklik ’n verkeerde gesindheid ten opsigte van jouself hê.

Die waarskuwing is duidelik in vers 3 vervat:

> **Want as iemand meen dat hy iets is, terwyl hy niks is nie, mislei hy homself.** (Galasiërs 6:3 AFR1953)

- Die Here waarsku ons hier omdat hoogmoed die manier het om mens se oë te verblind, sodat ons nie kennis het van ons eie verdorwenheid nie!
- Dan word mens verwaand, en jy kom tot die gevolgtrekking dat jy iets besonders is.
- Jy oorskat jou geestelike vermoëns. Of jou verstandsvermoëns. Jy verval in snobisme – terwyl jy inderwaarheid voor God niks is nie! Jy dink soveel van jouself, terwyl jy geen besondere voortreflikheid het nie.

Ons vergeet dan dat die goeie wat ons nog het, enkel en alleen die genade van God is. 1 Korinthiërs 4:7 (AFR1953):

> **Want wie trek jou voor? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie? En as jy dit dan ontvang het, waarom roem jy asof jy dit nie ontvang het nie?**

Ons dink hier aan die gebed van die Fariseër wat God gaan dank het dat hy nie soos die tollenaar is nie!

- Hy het daarop geroem dat hy die wet van die Here onderhou.
- In sy geestelike blindheid het dit ook vir hom gelyk asof hy daarin slaag.

Ons moet met ’n ander maatstaf werk.

- Ons moet ons lewe en werke meet aan die eis van God en nie aan die mense rondom ons nie.
- Elkeen – staan daar in Galasiërs 6:4 – moet sy eie werk op die proef stel. Dan sal ons grond vir roem hê alleen wat onsself betref.

Die betekenis hiervan is dat as ons ons teen ander gaan meet, dit dalk vir ons mag lyk asof ons lewe en werke goed is.

- Maar as grys witter is as swart, beteken dit nog nie dat grys wit is nie. Dis wat die Bybel hier wil leer.
- As jy beter vertoon as ander mense, beteken dit nog nie dat jy goed of volmaak is as jy teen God se wil gemeet word nie.
- Ons eie uitnemendheid beteken dus nie veel nie!
- Daar moet goedheid en voortreflikheid voor God wees. Dis ’n uitroep dat ons moet waak teen die skyn wat ons in ons lewe aan die gang hou!

Die liefdesgedeelte van hierdie teks is nou afgehandel. Daarin het die Here die saak gestel dat Hy ons met liefde en met sagmoedigheid en met sy Gees versorg, en dat Hy dieselfde van ons verwag teenoor ons naaste.

Dan kom die oordeel.

- Raak ontslae van julle skynheiligheid.
- Raak ontslae van julle eie waardering wat te hoog is.
- Weeg julle teen my wet as julle nie geoordeel wil word nie, want elkeen sal sy eie pak dra!

Dis die oomblik van absolute waarheid! Die oomblik waarin dit net ons is en die resultaat daarvan dat God self ons werke beproef.

- Elkeen van ons ontvang die straf wat gemeet word aan sy wese.
- Die heiligheid van God stel die beslissing vas.

- Die woord *pak* hier beteken ’n gewig wat moeilik gedra gaan word. So sal ons voor God staan.

Dan kom vers 7 wat die saak verder inskerp:

Moenie dwaal nie, God laat Hom nie bespot nie.

Waarom skryf die Here dit?

- Omdat die Here weet dat daar sekere mense is wat hulleself met sluheid bedrieg, deur te glo dat hulle beter is as wat hulle is.
- Omdat die Here weet dat daar mense is wat met baie redes wat menslik geldig is, hulle naaste vertrap eerder as help.

Hy wil hierdie mense nou goed laat verstaan dat hulle dwaal, en dat hulle hulle moet bekeer terwyl daar tyd is. Wanneer hulle eers in sy gerig betrek is, sal hulle wreed ontnugter word, want God kan nie soos mense bespot word deur valse waardes aan Hom voor te hou nie!

Vir ons voorbeeld wat ons moet volg, kyk ons na die Here Jesus Christus.

- Daar is nie iemand wat meer geduld en mededoë teenoor die gevallenes gehad het as Hy nie.
- Hoeveel keer sê Hy vir iemand dat sy sondes hom vergewe is.
- Of, dink aan die spot wat Hy verduur het juis omdat Hy saam met tollenaars gaan eet het.
- Nederig het Hy sy dissipels se voete gewas voordat hulle vir die laaste Pasga (die eerste Nagmaal) aangesit het!

Daarteenoor is Hy onverbiddellik in sy regverdigheid.

- Hy is God, en daarom kon niemand Hom bedrieg nie.
- Vir die een het Hy gesê dat Hy so ’n groot geloof in die hele Israel nie gesien het nie.
- En vir die ander een dat hy ’n witgepleisterde graf is.

Net so het Hy vir die Fariseërs gesê dat hulle net die buitekant van hulle bekers was en vergeet dat die Here die binnekant ook gemaak het; dat hulle die tiende gee maar die reg van God verwaarloos.

Hy sterf as ’n eerlike.

- Die oneerlikheid van die mense laat Hom skuldig bevind.
- Die mense wat Hom beskuldig het se oneerlikheid was in so ’n mate vals dat selfs Pontius Pilatus, die heiden, getuig dat die gelowiges Jesus teen die reg in kruisig, want hy vind geen skuld in Hom nie.
- In sy doodsoomblikke is Hy byna teer teenoor die sondaars as Hy God smeek om hulle hulle sondes te vergewe, want hulle weet nie wat hulle doen nie.
- So moet ons ook wees.

Maar verder sterf die Here Jesus Christus ook vir ons eerlikheid.

- Sodat ons onsself reg kan ken en ons waarde nie oorskat nie.
- Hy stuur God, die Heilige Gees, om ons hierdie regte waardes te kom leer.

Geliefdes, laat ons dan luister na die stem van die Heilige Gees en laat ons mekaar se laste dra.

- Laat ons hulle dra in die gees van heiligheid.
- Laat ons nie dwaal en God bespot nie, want dan verwerf ons die ewige toorn van God.

Amen.

Slotgebed

Here, ons smeek dat u Heilige Gees ons in die waarheid moet voorlei. Nie net in die waarheid van u Woord en u evangelie nie, maar ook in waarheid ten opsigte van onsself en ons deugde en

swakhede. Leer ons die grense van ons vermoëns, en dankbaarheid vir die krag wat ons uit u hand ontvang.

Amen.

Skrifberyming 8-1:2 (14:2)

2 "'k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My."

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 8 November 2009